# SUIDER NUUS
SOUTHERN POST

VRYDAG
24 April 2020

BREDASDORP, NAPIER, WAENHUISKRANS, STRUISBAAI, AGULHAS, ELIM, KLIPDALE, PROTEM, RIVIERSONDEREND, BUFFELJAGSRIVIER, WOLVENGAT, OUPLAAS, SWELLENDAM, SUURBRAAK



MIDAS
BREDASDORP MIDAS
Tel: 028 424 1361
All Saints Street, Bredasdorp


## POSITIVE #CORONAVIRUS CASES - OVERBERG 23/04

| WESTERN CAPE | * OVERBERG | CAPE AGULHAS | SWELLENDAM | THEEWATERSKLOOF | OVERSTRAND |
|---|---|---|---|---|---|
| 1153 | 12 | 0 | 0 | 1 | 11 |

* 9 patients fully recovered 3 active

GRATIS FREE



# MISDAAD IS MINDER MAAR ...

On Sunday April 19th SAPS in collaboration with CAM's Law Enforcement team checked on shops and spaza shops in Napier. According to the police spokesperson and Ms Saptou who heads CAM Law Enforcement, this formed part of their ongoing check-up program to ensure that shopkeepers abide by the lockdown rules and regulations.


Pavilion Sentrum, Langstraat, Bredasdorp, P.O. Box 597, Sanlamhof, 7532 Tel. (028) 424 1986 Fax. (028) 424 1048

telectro
connecting you

Dienste:
- Kontrakte
- Opgraderings
- Bybehore
- Voorafbetaalde kaarte
- Vervang van sim kaarte

• *"Number Portability" (Nommer oorbring van enige ander sellulêre netwerk na die Vodacom netwerk)*

vodacom

Vir enige Navrae kan u ons kom besoek of skakel.



COETZEE GEHOORPRAKTYK

GEHOORTOETSE

PASSING VAN GEHOORAPPARATE

Nou by Dynamic Vision
(Van der Merwe Oogkundiges)
Oorkant Dr Bosch se spreekkamer
Dirkie Uysstraat 7, Bredasdorp
Franco Coetzee
franco@hpractice.co.za
028 424 2611
028 312 1307
Skakel Lynette vir afspraak



CHERRY DE BEER
OPTOMETRIST

Promosie

Gratis sonbril of leesbril met 'n nuwe bril!

*(Net geldig saam met 'n nuwe raam en lense. Pakette uitgesluit) T&C's apply*

Seewier Str. 6, Struisbaai, Tel: 028 435 6454
Pavilion Sentrum No 15, Bredasdorp, Tel: 028 425 1540



*Alle advertensies kan ingestuur word na suidernuusads@isat.co.za of skakel 028 424 1205 kantoor-ure.*

# DWELMHANDELAARS IS STEEDS ONDER DIE TAFEL BESIG

***Swellendam SAPD slaan dwelmslag tydens grendeltyd***

**Die volgehoue pogings van die polisie in die Wes-Kaap om die verkoop en verspreiding van dwelms in gemeenskappe binne die provinsie hok te slaan, het 'n week gelede weereens vrugte afgewerp toe die polisie in Swellendam op Maandag, 13 April by 'n huis wat as dwelm afsetpunt dien, beslag gelê het op dwelms met 'n geskatte straatwaarde van R100 000 (een honderd duisend Rand). Sowat 134 gram kokaïene en 202 gram Tik is gekonfiskeer luidens 'n persverklaring wat deur Sersant Christopher Spies, verbonde aan die kantoor van die Korporatiewe Kommunikasie Sentrum in die Wes-Kaap in hierdie verband uitgereik is.**



**The police in Swellendam confiscated drugs worth R100 000 at a house in Aandblom Street in town on Monday April 13th. Vigilant residents apparently contacted the members of the crime prevention unit who then conducted an operation of the residence. Upon searching the residence they found drugs in various rooms. A further search resulted in the police discovering cash that was hidden in various parts of the house.**

Lede van plaaslike gemeenskappe het die afgelope tyd op verskeie sosiale platforms en by meer as een geleentheid hulle kommer uitgespreek oor bedrywighede van dwelmhandelaars in hulle omgewings gedurende die grendeltyd. Hulle het onder meer daarop gewys dat daar streng gelet word op drankwinkels en afsetpunte van drank, maar dat hulle wonder of daar ewe noukeurig gelet word op die "onder die tafel" bedrywighede van dwelmhandelaars. Hierdie susksesverhaal sal nou sonder twyfel as bewys kan dien dat die polisie nie hulle waaksaamheid in hierdie verband verslap het nie – inteendeel. Aangesien die polisie nie sommer net en sonder meer kan toeslaan op verdagtes nie, moet hierdie operasies egter goed en op die regte manier beplan word alvorens daar daadwerklik opgetree kan word.

**Polisie reageer op inligting van lede van die gemeenskap**

Na wat verneem is, het oplettende lede van die gemeenskap met die misdaadvoorkomingseenheid op Swellendam geskakel wat daarna op hulle beurt 'n operasie van stapel gestuur het waarna die perseel in Aandblomstraat deursoek is. Dwelms is luidens die persverklaring gevind in een van die slaapkamers en in die badkamer. 'n Verdere soektog het versteekte kontant in verskillende dele van die huis opgelewer.

'n Woordvoerder van Swellenddam SAPD het bevestig dat twee verdagtes, van onderskeidelik 29 en 37 jaar oud, gearresteer is op 'n klagte van onwettige handel in dwelms. Die twee verdagtes het volgens die woordvoerder wel in die hof verskyn, maar is albei sedertdien vrygelaat.

**Ora Laubscher**

# Moord in grendeltyd

**RIVIERSONDEREND: Die liggaam van 'n bejaarde vrou is Woensdag, 15 April in haar woning op die dorp aangetref.**

Volgens inligting het die 85-jarige me. Renie Verster van Hoopstraat alleen gewoon. Haar liggaam is deur die polisie in die huis aangetref nadat haar gebruiklike vroegoggend alarm nie afgegaan het nie en onraad toe vermoed is.

Met die saamstel van berig was die motief vir die moord nog nie bekend nie, maar roof is nie uitgesluit nie, daar verskeie van me. Verster se juweliersware gesteel is. Volgens die SAPD media woordvoerder is 'n 38-jarige man vir ondervraging ingeneem, maar later weer vrygelaat. Die saak word verder ondersoek.

Wyle Tannie Renie was die derde vrou wat op die dorp vermoor is die laaste aantal jare. Sy word as 'n geliefde, vriendelike en omgee persoon in die gemeenskap, beskryf.

'n Privaat verassing het op 21 April plaasgevind. Volgens mnr. Derick Leonard, van 'n plaaslike begrafnisonderneming, sal die familie later 'n diens hou.

Wyle tannie Renie het ook 'n dogter en skoonseun wat op die dorp woon.



**Wyle me. Renie Verster.**

# Misdaad verwante voorvalle in Napier en Riviersonderend

**Net soos dwelmhandelaars gaan slaap skelms ook nooit werklik nie. Nie eers die grendeltyd sal hulle daarvan weerhou om 'n kans te waag wanneer die geleentheid homself voordoen nie. Op Napier het 'n selfoon, na wat verneem is, kort gelede langs hierdie weg voete gekry en in die buurdorp Riviersonderend, is 'n inwoner se inkopiesak op Sondagmiddag, 19 April ook helderoordag van haar skouer af geruk deur 'n opportunistiese skelm.**

In 'n plasing waarin die eggenoot van die slagoffer inwoners tot versigtigheid maan, deel hy die nagmerrie ondervinding van sy vrou. Sy het om ongeveer 11h50 op Sondag, 19 April in Riviersonderend gestap nadat sy by die winkel was. Die belhamel het nadat hy die sak van haar skouer af geruk het, spore gemaak. In die sak was onder meer brood en 'n beurs met kaarte, ID en kontant daarin.

In reaksie op die plasing het verskeie ander inwoners ook vertel van hulle of gesinslede se soortgelyke wedervaringe waarna die skelms met die gesteelde goedere in die nabygeleë bosse verdwyn.

**Goeie nuus!**

*"GOEIE NUUS!! GOOD NEWS!! 'n Vriendelike dame het die beursie op die gholfbaan gevind. Al die kaarte, ID, bestuurslisensie is veilig en gesond. Die speurder is vasbeslote dat die misdadiger gevind sal word!!"*

Met hierdie woorde, waarin hy die goeie nuus uitspel, volg die eggenoot van die slagoffer later die eerste plasing op. Dit is egter nie elkeen wie se slegte ervaring met soveel positiwiteit afgesluit word nie. Daarbygesê sal die slagoffer van so 'n grypdief ook nooit weer kan stap sonder om tydig en ontydig oor die skouer te loer nie!

**Ora Laubscher**

# Nuwe ekonomie vir Suid-Afrika

**"Ons land en die wêreld waarin ons bly gaan nooit weer dieselfde wees nie." Hierdie was die boodskap van Pres. Cyril Ramaphosa Dinsdagaand, 21 April.**

Ten einde verligting te bring vir SA se maatskaplike- en honger probleme asook verligting aan ondernemings het Ramaphosa 'n ekonomiese ondersteuningspakket van R500 miljoen aangekondig.

Alle maatskaplike toelae word vir die volgende ses maande verhoog. 'n Kindertoelae van 'n bykomende R300 per maand vir Mei en die volgende maande met R500. Pensioenarisse sal 'n addisionele R250 ontvang. 'n Spesiale R350 per maand vir die volgende ses maande sal aan werkloses betaal word en sal bekendstaan as die Covid19 Maatskaplike Toelaag.

Onder andere ook R100 miljard om mense te help wat hulle werk verloor het en R2 miljard vir klein ondernemings.



# Siftings- en inligtingsveldtog in die Kaap Agulhas substreek skop af in kusdorpe

***Volgens die Wes-Kaapse Minister van Gesondheid, skep die "deur-tot-deur" geeenskapsgedrewe COVID-19 siftings inisiatiewe die ideale geleentheid om nie alleen te sif nie, maar om terselfdertyd ook inligting aangaande hierdie onsigbare vyand wat ons nie kan sien nie, deur te gee.***

**Die Overberg been van die Wes Kaapse Departement van Gesondheid se COVID-19 siftings aksie, het hierdie week in verskeie gemeenskappe in die Overberg afgeskop. Op Maandag, 20 April het die span gesondheidswerkers dan ook stil-stil hulle aksie geloods in een van ons mees suidelike kusdorpe naamlik Arniston/Waenhuiskrans. Op Dinsdag, 21 April het die inwoners van Struisbaai en L'Agulhas aan die beurt gekom met Bredasdorp en Napier geoormerk vir onderskeidelik Woensdag en Donderdag, 22 en 23 April.**

Te oordele aan die talle foto's wat in hierdie verband op verskeie sosiale media platforms versprei is, was dit 'n miernes van bedrywigheid – daarby gesê, darem 'n ordelike miernes waartydens daar gepoog is om streng te hou by ten minste twee van die die sogenaamde ***"goue voorsorgmaatreëls"*** te wete die handhaaf van 'n veilige afstand van mekaar en die dra van maskers of bedekkings oor die mond en neus.

### Gerusstellend

Lede van die plaaslike veiligheids- en beskermingskorps wat lede van die Bredasdorp SAPD sowel as van KAM se Munisipale Wetstoepassingsdepartement insluit, is ook by hierdie geleentheid "gesif". Hierdie personeellede moes in toesighoudende hoedanigheid teenwoordig wees tydens die sifting van gemeenskapslede. Waar hulle juis die mense op die voorfront is wat, soos die gesondheidspersoneel, daagliks in die uitvoer van hulle pligte direk met veskeie lede van die publiek in aanraking kom, was hierdie stap 'n besonder gerusstellende een.

.

### Let hierop – verduidelik en maan dr Du Toit tydens onderhoud

In 'n onderhoud wat Gurshwin Prins Maandag in sy hoedanigheid as KAM se senior inligtings- en kommunikasiebeampte op Waenhuiskrans met Dr Jaques du Toit gevoer het, het Du Toit in besonderhede verduidelik wat die verskil tussen ***"screening/sifting"*** en ***"toetsing"*** is. Hy het verder ook verduidelik onder watter omstandighede daar ***"van sifting"*** na ***"toetsing"*** oorgegaan sal word en hoe dit uitgevoer word. Dit kom kortliks daarop neer dat ***"nie elkeen wat gesif is, getoets gaan word nie!"*** Sou jou antwoorde op die vrae wat tydens die siftingsonderhoud gevra is, in aansluiting met bevindinge wat tydens die ondersoek gemaak is, daarop dui dat jy moontlik die virus onder lede kon hê, word jy vir toetsing verwys.

Die simptome wat die waarskuwingsklokkies moet laat lui, sluit onder meer in: 'n hoë koors van 38 grade of meer asook hoofpyn, keelseer en lyfseer wat erger as "normaal" is tesame met 'n aanhoudende droë hoesie wat jy "op 'n dag skielik ontwikkel het" en nie voorheen gehad het nie. Afsondering tot tyd en wyl die uitslae binne ongeveer 48 uur beskikbaar is, is so 'n persoon se voorland. Kom die toetsuitslag as positief terug, volg 'n verpligte isolasie tydperk van ten minste 14 dae "totdat jy gesond is".

### Hoe verloop die siektetoestand?

Dr Du Toit het verder verduidelik dat die simptome vyf dae, nadat jy sou aangesteek het, kop uitsteek. Dit neem nog 'n verdere vyf dae voordat so 'n persoon ernstiger simptome en ook asemnood kan ervaar. Dit is egter ook so dat slegs 20% present van die gevalle wat positief toets, uiteindelik akuut siek word. Hierdie 20% sal, het hy verduidelik, net een oggend opstaan met 'n akute moegheid en onvermoë om selfs die arms op te tel. Alhoewel hospitalisasie dan wel aangewese is, sal van hierdie 20% uiteindelik ook net 5% erge asemnood ontwikkel wat inkubasie en/of behandeling met 'n ventilator noodsaak. Die meeste gevalle word self gesond maar, aangesien daar geen behandeling vir hierdie virus infeksie is nie, moet sorg gedra word dat jy tydens die herstel tydperk genoeg eet, genoeg water drink en ook afstand behou van ander mense. Vir koors word in hierdie geval slegs paracetamol voorgeskryf.

Ooreenmkomstig die Engelse spreekwoord wat daarop wys dat dit wys is om 'n gevaarsituasie goed voorbereid binne te gaan, behoort elke inwoner van ons streek hierdie goeie raad van dr Du Toit ter harte te neem!

**Ora Laubscher**



Dr. Jacques du Toit



**Early Monday morning April 20th, this group of brave health workers met in front of the Otto du Plessis Hospital in Bredasdorp before leaving for Arniston/Waenhuiskrans where Cape Agulhas's very first COVID-19 screening initiative was to be launched. The group, from left to right: At the back dr Johan Schoevers with Sister Karien van der Nest (Swellendam), Dr I.Pretorius, local home based care nursing sisters Sister S.Plaatjies and Sister I. de Jager, Fundi sw Mlindazwe and Sunay Johnson. On the occasion of the launch of the provincial screening initiative, Minister French Mbombo, the Western Province Minister of Health, requested members of the community to respect the teams who were officiating at the different venues to do the testing. *"They risk their lives by volunteering to help our communities to fight COVID-19, this means risking their health as they can be infected and can also die. Then they get robbed by the very same community they are trying to save. I condemn this act and call upon the community to protect Health Workers, they are there for your benefit."***






**LEFT: The community of Arniston was first on the list of the towns in the Cape Agulhas subdistrict to be screened for the COVID-19 virus infection. The medical team, assisted by members of staff of the various community clinics assisted as old and young lined up outside the community centre, waiting to be interviewed and screened. Members of Bredasdorp SAPS and CAM's Law Enforcement Department who were present, were also screened.**

Coastal HIRE
Serving all your equipment hire needs

- Competitive **Rates**
- **Owner managed** stores
- Special rates for **long term** hire
- Only the **best brands**
- Outstanding **service**
- We **deliver** on site, on time

One more reason to...
GO COASTAL
BREDASDORP
028 425 1833
071 604 5060
12 All Saints Street, Bredasdorp
bredasdorp@coastalhire.co.za
www.coastalhire.co.za

# Misdaad is minder maar ...

## *Diewe en skelms moet maar versigtig trap – daar is nou oë wat loer agter elke vensterraam*

**Dat misdaad statistiek oor die algemeen 'n aansienlike daling toon sedert die begin van die afsluitingstydperk, is 'n feit. Dit is egter ook waar dat nie eers COVID-19 grendeltyd op die langduur vir ons 'n misdaadvrye omgewing kan waarborg nie. 'n Skelm is nou maar eenmaal 'n opperste opportunis en geen grendeltyd gaan in sy of haar pad staan as die ideale geleentheid om skelm te wees homself voordoen nie.**

Aan die ander kant moet ons ook onthou dat daar, met dié dat niemand nou mag uitgaan nie en verplig word om tuis te bly, agter elke vensterraam en gordyn 'n paar oë of twee is wat soek na iets, enige iets, waaroor hulle verslag kan doen. Dit was dan ook juis te danke aan hierdie nuwe opmerksaamheid wat saam met die grendeltyd gekom het, dat 'n sakkie wat spoorloos van 'n hekpaal af verdwyn het in die oggendure, weer heelhuids teruggevind is op Napier!

**Materiaal maskers verdwyn ....**

So het 'n noodkreet dan ook een oggend vroeg op een van Napier se sosiale gemeenskapsplatforms verskyn in verband met 'n plastiese winkelsakkie vol halfklaargemaakte gesigmaskers van materiaal. Die sakkie is vroegoggend aan die hekpaal gehang om afgehaal te word, maar het kort daarna spoorloos verdwyn.

Met die aas uitgegooi, begin die vrae en wenke instroom. Die dorp se sosiale media is in rep en roer en almal soek saam – sonder om een enkele tree buite hulle eie huise of erwe te gee! - Is die polisie in kennis gestel? Het iemand dalk iets of iemand gewaar? Was die mense wat nou-nou by 'n ander huis verbygestap het met sakkies in hulle hande dalk die skuldiges?

**Die oë wat loer het gesien**

Die storie het, te danke aan al die op en wakker oë en ore wat kyk en luister, 'n gelukkige einde gehad. Die skuldiges is opgemerk, en so kon die pakkie onder bespreking, aan die einde van die dag weer opgetel en terugbesorg word. Miskien het die skuldiges gedink daar is groentskille vir Napier se varkboere in die sakkie – klaarblyklik 'n gebruik wat lank reeds in plek is in die dorp. Aan die ander kant kon die belhamels ook gedink het dit is 'n dankie sê pakkie wat bedoel was vir die getroue vullisverwyderaars van KAM – dit was per slot van rekening juis Donderdag en vullisverwyderingsdag!

**Ora Laubscher**



**The brightly coloured material from which face masks were made – the bag that contained the half-finished masks were hung on a gate post in Napier but vanished in the early hours of the morning. Thanks to social media platforms and eyes and ears that are forever watchful behind closed doors and windows – the bag was found and returned. So do remember, although incidents of theft have dropped, thanks to LOCKDOWN, the thieves are still with us and are on the lookout ...**

# A matter of trial and error...

## *600 people screened in Struisbaai*

**Screening in towns within the Cape Agulhas sub district will now only be undertaken at certain central points within the community. The planned door to door initiative in Struisbaai North proved to be too time consuming, resulting in screening only at certain given fixed points within the community. Fortunately the weather has also been fine up to date with no rain or stormy winds forecast for the duration of the week.**

It appears that the decision to concentrate on fixed point screening was taken because of the fact that the medical teams were inundated with people wanting to be screened in Struisbaai North. 191 people were screened at a local supermarket in, Struisbaai – the fixed central point that was advertised. Upon arrival in Struisbaai North, there were apparently so many people waiting at the first point where they stopped, that *"they just could not get to the door to door"*.

All in all 600 people were screened on Tuesday in Struisbaai – not as many as planned but as the screening will be undertaken and resumed on an ongoing basis, more people will probably be screened at a later date. As this is "a first", trial and error seems to be the way to go about it. Dr Jaques du Toit also made mention of the fact that they hoped to screen *"as many residents of the district as possible"* as they proceeded through the towns of the Cape Agulhas subdistrict one by one.

Bredasdorp, Napier and Elim followed with Protem, Klipdale and other rural stopovers to be attended to by the mobile clinic service staff.

**Ora Laubscher**



**BO & ONDER: Fotobeelde wat tot nog toe net "ander lande se mense" vir ons gewys het, het Maandag tydens die COVOID-19 siftings inisiatief op Waenhuiskrans ook ons eie plaaslike nuusblaaie bereik. Hier word lede van die gemeenskap en ook Kaptein Pieterse van Bredasdorp SAPD wat aan boord was, se koors gemeet deur John Appollis wat lid van die gesondheidswerker span was.**








**Op Bredasdorp is die spreekwoordelike COVOID-19 tafel sommer al vroeg gedek by die verskillende vaste siftingspunte op die dorp. Die Windmeul plein was een van die ander vaste punte waarheen inwoners kon gaan om gesif te word. By die Pavilion-sentrum het KAM wetstoepassers en gesondheidswerkers in kliniekbussies en onder tente vroegoggend reeds winkelgangers wat gesif wou word, ingewag met die vraelyste.**

# Think you know about coronavirus (COVID-19)?

**How is COVID-19 passed on?**
Through droplets that came from your mouth and nose when you cough or breathe out.

When a person with COVID-19 coughs, breathes out or sneezes, droplets come out from their nose and mouth which can contain the virus. These can be breathed in by people who are nearby or land on surfaces which other people can then touch. Regularly washing your hands and keeping your distance from others is the best way to prevent COVID-19.

**What are the commom symptoms of COVID-19?**
A new and continuous cough, fever and tiredness.

COVID-19 is usually marked by a new and continuous cough but some people get other symptoms too, including tiredness, a fever and flu-like symptoms including headaches, runny nose and a sore throat. If you are finding it hard to breathe or your symptoms don't improve after 7 days, call your local health service straight away.

**Can you always tell if someone has COVID-19?**
No - not everyone with COVID-19 has symptoms.

The virus can be in someone's body for up to 14 days before they get symptoms, and some people will have such a mild case of COVID-19 that they might not notice anything is wrong. That's why it is important that everyone follows their government's advice even if they feel healthy.

**Can washing your hands protect you from COID-19?**
Yes - normal soap and water or hand sanitizer is enough.

Washing your hands regularly is one of the best ways to avoid getting or passing on COVID-19. It's important to keep washing your hands throughout the day especially before and after going out. To wash your hands properly you need to get every spot. Make sure you wash them for at least 40 seconds if you are using soap and water, and for at least 20 seconds if you are using hand sanitizer.

**Which of the following people is COVID-19 more dangerous for?**
Older people - especially those aged 70 and above. People with certain underlying health conditions.

Most people's immune systems will be able to fight the virus and so COVID-19 won't make them seriously ill, however it can be more dangerous for older people and people with existing health problems - including lung problems, heart problems, diabetes and others. People with a reduced immune system can also be more at risk, this includes people having chemotherapy for cancer or those with untreated HIV.

COVID-19 is normally not very serious in children and doesn't affect people differently depending on where they live in the world or theirrace.

**Are people living with HIV always more at risk?**
No, people who adhere to antiretroviral treatment (ART) and have a high CD4 count are not more at risk.

There's no evidence that people living with HIV who are adhering to effective anti-retroviral treatment (ART), have high CD4 counts and are otherwise well, are more likely to get COVID-19. There's also no evidence that these people are more likely to become seriously will if they do get the COVID-19.

The people who need to be more careful are those with a low CD4 count (<200 copies/cell), a high viral load, or those who have had a recent opportunistic infection. If this applies to you speak to your health care worker for more advice.

**Should you wear a mask to protect yourself when you go outside?**
No - At the moment masks are in short supply and are badly needed by healthcare workers, so it is important that people don't use masks unnecessarily. Masks should only be worn by people who are caring for those who are sick, and by people who are sick themselves. If you are feeling healthy and just going out normally - to exercise or shop for essentials - then you don't need a mask.

**Can COVID-19 be cured?**
No - but most people get better by themselves.

Most people who get COVID-19 will recover by themselves, normally within 14 days. Some people who get seriously ill with COVID-19 may need hospital care to help them breathe. For a small percentage of people COVID-19 can be fatal. If your symptoms don't get better after 7 days, you are finding it hard to cope, or if at any point you have difficulty breathing you should call your local health service straight away.

**Which of the following is an example of physical distancing?**
You stop going to crowded places and visiting other people's houses.

To slow down the spread of COVID-19 people are asked to reduce the amount of time that they spend with other people and the number of people they meet in a day. The exact advice on how to do this will vary depending on where in the world you live. In some places, people have been asked to stop shaking hands and avoid large gatherings. Other places are telling people to stay at home completely and only leave the house to exercise, shop for essentials and go to work (if you can't work at home).

You can still keep in contact with friends and family over the phone or by other means. This is a way to maintain good well-being and mental health.






















# Die owerhede en veiligheidsdienste hou die duim stewig op die pols

**Sondagoggend, 19 April was die dag waarop KAM se wetstoepassers en die SAPD by winkels op Napier gaan inloer het ten einde hulle vingers op die pols van spazawinkels in die streek te kan hou. Soos wanneer gesondheidswerkers die koors van inwoners geneem het tydens die COVID-19 siftingsproses om te bepaal hoe gesond hulle is, so moet hierdie spanne ook die spreekwoordelike "vinger op die pols" van afsetpunte van verbruikersartikels hou, het Suidernuus verneem.**

Me Saptou staan aan die roer van onder meer munisipale wetstoepassing in die streek. Toe Suidernuus by die polisie en by Me Saptou gaan navraag doen het oor die teenwoordigheid van die drie wetstoepassingsvoertuie en die voertuig van Napier SAPD voor een van die winkels in die hoofstraat, het ons verneem dat dit maar net deel is van die deurlopende roetine aan die hand waarvan daar verseker word dat alles in orde is en volgens neergelegde reëls en regulasies bedryf word tydens die COVID-19 grendeltyd.

'n Register wat by die plaaslike garage se winkel bygehou word en waarin besoekers hul kontakbesonderhede aanteken, is ook deel van die inisiatief om op die spoor te kan bly van mense, sou iemand daar aangedoen het wat later positief getoets word. Hierdie proses staan as "tracing" bekend.

**Ora Laubscher**

DRUKWERK
Vir persoonlike diens!
Drukwerk van top gehalte!
Nuusbriewe • Strooibiljette • Resepteboeke • Komplimentêre Strokies • Jaarblaaie • Briefhoofde • Permitboekies Poskaarte • Visitekaartjies • Vragbriewe • Duplikaat & Triplikaatboeke • Uitnodigingskaartjies en nog vele meer!!!
Kerkstraat 54, Bredasdorp
Tel: 028 424 1205 Faks: 028 424 1237
E-pos: suidernuus@isat.co.za

# INFO / INLIGTING

## AUCTIONEERS/ AFSLAERS

**Overberg Afslaers**

Eerste opsie, nie laaste uitweg!

Independentstr. 18
Bredasdorp
Tel: 028 425 3423
Sel: 084 614 1849

Besigtigingsure: Ma. - Do. 8 - 16:30 Vrydae 8 - 13:00
Vrydag voor veiling tot 16:00
Goeie gehalte, bruikbare items word ingeneem en verkoop: meubels, gebruiksartikels, oudhede en vele meer.
Vooraf en telefoniese aanbiedinge word ook aanvaar.
Kry ons ook op Facebook:
https://www.facebook.com/groups/454236327925759/

## AFDELINGSWINKEL

**Under Cover**
H/v Fletcher & Langstraat
Bredasdorp
Tel: 028 424 1113

**RUGBY**

* Puma & Adidas rugby boots
* Navy & white rugby shorts

**ACCESSORIES**

* Socks (Assorted colours)
* Mouth Guards
* Head Gear (Scrum Cap)
* Metal Tip - Studs

**SUMER SALE**

## ANTIEKE MEUBELS

**Antique Warehouse**
Goodshedstraat BREDASDORP
Tel. 028 425 1909 / Sel. 082 5677 835
Christo Geldenhuys koop en verkoop ongerestoureerde antieke meubels en boumateriaal

## AIR CONDITIONING

**GS AirMechElec Services**
082 543 8206

- Air-Conditioners • Cold Rooms
- Commercial Refrigeration
- Electrical Contractor
- Borehole Pumps & Water Solutions
- Windmills

*Based in Napier servicing the Overberg*
SUPPLY, SERVICE & MAINTENANCE

## ARTS & CRAFTS

**Kira's**
Winkel 4, Van Riebeecknstraat, Bredasdorp
Tel/Fax: 028 425 3918
WOOL * CRAFT
PACKAGING * GIFTS
Winkel-ure:
Maandag tot Vrydag 09h00 - 17h00
Saterdag 09h00 - 12h30

**BOEKE - BOEKE - BOEKE**
NUWE EN 2de handse boeke by Suiderpers te koop vanaf R10 - R500.
Afrikaans en Engels.

## BELIGTING / BLINDS

**BLINDINGS VIR STRUISBAAI**
**Kwaliteit blindings direk van vervaardigers.**
Ook kwotasies in Bredasdorp en Waenhuiskrans.
**Johan Oosthuizen**
Tel: 028 435 6118 | Faks: 028 435 6464
Sel: 082 902 6412

Cherie Schlebusch
Tel: 028 424 2925
Inex Lighting – Lamps, Fittings & Blinds
YOUR LIGHTING & BLINDS SPECIALIST
Quantum Taylor
All Saint Street, Bredasdorp, 7280

**Kobi curtains & blinds**
measure, make-up and installation
cobus 0799047392

## BOUERS / BUILDERS

**Diedericks Konstruksies**
Geregistreerde Asbes Kontrakteurs
Langstraat 164
Bredasdorp, 7280
Sel: 072 705 9044
Tel: 028 424 1787
E-pos: demasdiedericks@gmail.com

KONTAK Demas VIR ALLE BOUWERK, CONCRETE, PAVING, VERFWERKE EN SKOONMAAK VAN DAKKE

**BH BUILDERS HARDWARE**
*and secondhand building material*
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Tel: 028 4252 911
Faks: 028 425 1031
E-pos: admin@bhgroup.co.za
Kontak: Marius Cronje
*The 911 for all your building supplies and hardware in the Cape Agulhas Region.*

**ELS BOUERS**
Geregistreerd: NHBRC, CIDB, BBR.
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Bouwerk van huise, store, aanbouings en restourasiewerk
Kontak: Ockie Els
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 570 0318
elsbouers@goggaconnect.co.za

## CARPET CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
CARPET & UPHOLSTERY CLEANING SERVICES

## GLAS

**SUIDPUNT GLASS ALUMINIUM CC**
Plaaslike Vervaardigde Produkte
Vensters • Skuifdeure • Balkonrelings
Shopfronts • Stortdeure • Spieëls
Houtvervanging
Aluminium Diefwering
Tel./Faks: 028 435 6050/Sel. 082 380 1061

## GESONDHEID/HEALTH

**DR. J E MYBURGH**
DIAGNOSTIESE RADIOLOOG/ DIAGNOSTIC RADIOLOGIST
Diagnostiese x-strale, Sonars
Dirkie Uysstraat 11, BREDASDORP
TEL/FAX: 0284242153
GANSBAAI
Mammogramme / xstrale / sonars
TEL: 028 384 0048
Ons hanteer u Mediese Fonds eis

## HANDYMAN / NUTSMAN

**SUIDPUNT NUTSMANNE**

- Verf • Teël
- Instandhouding
- Waterdigting

Jaco 076 509 3634
jaconeet@gmail.com

## HERSTELWERK

**MBC Herstelwerke**

- Vervaardig en oprigting van staalkonstruksies
- Geregistreerde bouer van sleepwaens (SABS)
- Algemene instandhouding van plaasimplemente
- Algemene sweiswerk

Tel/Fax: 028 425 1825
Sel: 082 922 6733 / 082 922 6734
Email: mhmbc@webmail.co.za

## HOME IMPROVEMENTS

**MULTICOAT Home Improvements**
All Paint Products
Laminated and Vinyl Flooring
PVC Ceilings
Tel: 028 424 2925
C/O All Saints & Dirkie Uys, Streets, Bredasdorp

## HUISHOUDELIK

**TUPPERWARE BRANDS**
For home | For health | For life
-FREE delivery to your home or workplace
- For Your Latest SPECIALS Flyer
- : Zorinna on 076 239 6958
- @: zorinnaj@yahoo.com
(Earn Extra CASH and FREE Tupperware when JOINING)

## LANDMETERS & STADSBEPLANNERS

**Town & Country** Creative Land Solutions
Tel: 028 424 1545
Faks: 028 425 2085
Topografiese Opmetings
Bakenherplasings
Hoogtesertifikate
Ingenieursopmetings
Onderverdelings
Serwitute & Konsolidasies
Regstelling van Grense
**FRANK TRUTER: 083 412 4698**
**PROFESSIONELE LANDMETER**
Ontwikkelingsuitlegte
Onderverdeling van erwe en plase
Hersonering & Afwyking
Vergunningsgebruike
Opheffing van Beperkings
**LOUNA TRUTER: 083 481 3603**
**PROFESSIONELE STADSBEPLANNER**
Fletcherstraat 28, BREDASDORP

## LAUNDRY/ CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
LAUNDRY

suidernuusads@isat.co.za
Info Advertensie
tel: 028 424 1205/16
**12 weke @ R400 vir enkelspasie**
**R800 vir dubbelspasie**

# Skepe wat in Aprilmaand aan ons mees suidelike kuslyn gestrand het

**Gaan snuffel ons rond in die pamfletversameling van die Skeepswrakmuseum op Bredasdorp, op soek na die name van skepe wat in Aprilmaand aan hierdie veelbesproke kuslyn vergaan het, val die oog hierdie week op die *Gentoo*. Ja – gaan loer gerus, daar is selfs 'n straat in Struisbaai wat na die *Gentoo* vernoem is. Heeltemaal tereg, want die *Gentoo* het per slot van rekening nie ver daarvandaan nie, op dieselfde plek waar 'n hele paar ander skepe ook hulle laaste rusplekke gevind het, gestrand.**

Die *Gentoo*, 'n Amerikaanse hout seilskip wat van Calcutta in Indië na Boston in die VSA onderweg was, het op 29 April 1846 by Northumberland Punt aan die Struisbaaise kus gestrand. Dit was dieselfde plek waar die Britse hout seilskip die *Duke of Northumberland*, op 25 Augustus 1838 aan haar einde gekom het.

Op 17 Julie 1871 sink die *Hecuba* en heelwat later ook die *Sceptre* en die *Oriental Pioneer*, onderskeidelik op 22 Mei 1925 en op 22 Julie 1974, ook in die omgewing van *Northumberland Punt*.

### Na nalatenskap van die *Gentoo*

Die Skeepswrakmuseum huisves – naas die inligting in die uitgebreide pamfletversameling – niks ter nagedagtenis aan die *Gentoo* nie. Die gestrande *Gentoo* het egter wel gesorg vir 'n streekstaal woordeboek inskrywing. Die oorsprong of herkoms van die Maleis/Afrikaans/Engelse woord eie aan die Kaapse omgewing, word soos volg omskryf en verduidelik: ***"Gentoo – American ship wrecked on Northumberland point at night on 29 April 1846. A number of servant girls among the survivors later drifted into prostitution in Cape Town. And to this day prostitutes are called "Gentoos" by the Cape Malays."***

### Geskiedkundige notas rondom die stranding van die GENTOO

Mnr Jimmy Herbert, duiker, skeepswrak deskundige, dosent, oud Trusteeraadslid en mentor van die Skeepswrakmuseum wat verantwoordelik was vir die saamstel van verskeie uitstallings in die museum en ook die skrywer van verskeie boeke oor bekende skeepswrakke, het kom hand bysit met die deurgee van inligting oor hierdie besondere skeepswrak.

Herbert het vanuit Nigerië waar hy hom tansvind 'n paar baie interessante brokkies inligting oor die stranding van die *Gentoo* deurgegee. Volgens hom is die volgende inligting destyds namens Barry & Nephew van Swellendam aan die eienaars van die skip, deurgegee kort nadat die *Gentoo* hier ter plaatse gestrand het: ***"Sir – This week we have to inform you of the wrecking of the Gentoo, Captain Hollis, American ship, in Struys Bay, at ten o'clock on Wednesday-night, on the same spot where the Duke of Northumberland was lost.***

***A lady passenger, two children, maid servant, and three of the crew, drowned. The master, mates, a gentleman passenger and the rest of the crew (in all 17) survived. The vessel was from Calcutta and bound for Boston with cargo consisting of indigo, shellac, dying stuff, salpeter, cow or buffalo hides, goat skins, gunny bags in this cargo. Almost all the hides are likely to be saved and part of the shellac. The indigo cases are already broken up, and the vessel is a complete wreck."***

In 'n onderskrif wat by die skrywe aangeheg is, is die hoop uitgespreek dat "wanneer hulle weer gesels", die Agulhas vuurtoring waarop daar al baie lank gewag is, hopelik in plek sou wees om te help om skeepsrampe soos hierdie en die vorige een te voorkom.

Die Agulhas vuurtoring, die tweede oudste vuurtoring in Suid-Afrika wat vandag steeds werk, is uiteindelik in Maart 1848 – amper 2 jaar na die stranding van die *Gentoo* en 'n hele dekade na die stranding van die *Duke of Northumberland* – in diens geneem!

**Ora Laubscher**



***The Sceptre* and the *Oriental Pioneer* are two of the ships that were wrecked around Northumberland Point near Struisbaai of which the Shipwreck Museum in Bredasdorp houses artefacts. Do stop at the museum next time you pass by en route to the Agulhas Lighthouse and do look for the street in Struisbaai that was named after the unfortunate *Gentoo*!**

# Lockdown resepte: Boere-sushi

**Ons het mos nou 'n bietjie tyd om te eksperimenteer, né! Hierdie idee van Suzell DIY beloof om 'n wenner te word en is ook ideaal om die oorskiet braaivleis van die vorige aand te gebruik.**

Een ding is seker van Suzelle, sy het beslis idees. So het sy Suid Afrika jare gelede bekend gestel aan die braaipaai, (https://www.youtube.com/watch?v=caB5VTueduQ)

Nou die dag het sy weer 'n nuwe idee gekry: **Boere -Sushi!**

En met haar idee in my agterkop, het ons dit probeer, op ons eie manier, en dit was heerlik! Dis ook iets lekkers om vir vriende te maak, want jy kan alles vooraf doen, en net die aand geniet as hulle kom.



Hier is 'n paar idees, sommige hare, sommige myne, en ek glo julle sal ook heerlike idees hê. Die moontlikhede is eindeloos!

**1. Mieliepap sushi**

Maak stywerige mieliepap (of gebruik gisteraand se oorskiet.)

Gebruik kleefplastiek en druk die pap plat daarop, genoeg om 'n worsie buite-om met 'n dun lagie pap te bedek. As jy 'n sushi-matjie het, nog beter. Bedek dit net eers met kleefplastiek.

Sit 'n langerige gaar dun boerewors bo-op jou lagie pap. Gebruik nou die kleefplastiek (of jou sushi matjie) wat onder lê, om die pap om die wors te rol sodat dit soos 'n lang worsrolletjie lyk.

Indien jy so voel kan jy nou die rol versier soos jy wil, byvoorbeeld met 'n bietjie paprika, gerasperde kaas, gerasperde biltong, dun avokado skyfies of 'n strepie tamatiesous wat op die pap gesmeer word.

Sny nou die rol in ringetjies, ongeveer so groot soos sushi stukkies.

Variasies: gebruik gebraaide weense worsies of "Russians", oorskiet skaapboud, hoender, ensovoorts.

Daar kan ook repies groente bygesit word, byvoorbeeld gaar wortel, gaar broccoli en enigiets kleurvol.

**2. Brood sushi**

Neem 'n sny brood en sny die korsies af. Plaas die brood op kleefplastiek en smeer met waarvoor jy lus voel. Roomkaas werk hiervoor baie goed. Vul met gaar hoender, ham of ander koue vleis, avokadopeer, tamatie, soetrissies, komkommer of wat jy ookal voor lus voel.

Jy kan ook 'n snytjie ham met roomkaas smeer en vul met 'n repie brood of agurkies of iets, en oprol.

Rol nou die brood op met die kleefpastiek en plaas dit met plastiek en al in die yskas. Dit maak dat die brood sy vorm hou. Na so 'n uur of meer, is die brood gereed, en kan die plastiek afgehaal word en die broodrolletjie in skywe gesny word.

Weereens kan jy vooraf die rolletjie versier indien jy so voel. Indien jy 'n dun

**Volg op bl. 9**


**Maandag**

05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Elsenburg Forum
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Kaviaar vir 'n Springbok
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Pof gesels
21:00 Faboulous 50's (Herhaling)
22:00 Van Toeka tot nou (Herhaling)
23:00 Deumag Musiek

**Dinsdag**

05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
11:00 Wat saak maak
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radio Drama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus / Weer / Musiek
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Met 'n ander oor
20:00 Let's Talk
22:00 Swing, Sing and All that Jazz
23:00 Make a Difference (Herhanling)
00:00 Deumag Musiek

**Woensdag**

05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Ommie Tafel
09:30 Kloutjie by die oor
10:00 Ommie Tafel
11:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Musiek
13:00 Op die Boekrak
14:00 Middag op Overberg
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:00 Municipal Matters
19:30 Actuality / Music
20:00 Caravan
22:00 Leonore (Jazz)
23:00 Deumag Musiek

**Donderdag**

05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
09:30 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 Musiek
14:00 Nuus en Weer / Musiek
14:30 Afr Aktualiteit / Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 GCIS / Musiek
19:00 Rock Rebellie
22:00 Deumag Musiek

**Vrydag**

05:00 Landbou Radio
06:00 Ontplof met Pof
08:00 Tinktinkietyd
08:05 Breakfast with Bobby
09:00 Nuus en Weer
09:10 Breakfast with Bobby
10:00 Musiek
12:00 Nuus en Weer
12:10 Radiodrama / Musiek
13:00 By die Plaashek
14:00 Musiek / Nuus / Weer
14:30 Musiek
15:00 Drive Time
17:00 Plattelanders Radiodrama / Musiek
18:00 Young Mix
19:30 Musiek
20:00 Breyani
23:00 Deumag Musiek

**Saterdag**

06:00 By Die Plaashek (Herhaling)
07:00 Pof Gesels (Her)
09:00 Fabulous 50's
10:00 #Teenzone / Musiek
12:00 The Midday Shift with Marquin
14:00 Maroela Top 20
15:00 Saterdag Musiek
18:00 Boeretroos in die Overberg
20:00 Country met Pof
22:00 Jazz till midnight
00:00 Deumag Musiek

**Sondag**

06:00 Dagstukkie en Musiek
07:00 Arise
09:00 Bybelstorie en Musiek
10:00 Kruispad
11:00 Metronoom
12:00 Afrikaanse Gospel
13:00 Jazz is Soul
14:00 Sunday Blues
16:00 Wat saak maak (Herhaling)
17:00 Make a difference
18:00 Van toeka tot nou
19:00 Breyani Gospel
21:10 Kruispad Herhaling)
22:00 Plattelanders Omnibus
00:00 Deumag Musiek

**Tel: 028 424 2877 / sms: 082MYRADIO www.radiooverberg.co.za**

*Registration no: NPO 088-728*

# INFO / INLIGTING

## LOGGING

FYNBOS POLE DEPOT
Website: www.fynbospoles.co.za
- POLES & SPLITPOLES (CCA TREATED)
- DROPPERS & LATHS
- RUSTIC & CLEAR-CUT PLANKS
- WOODCHIPS & SAWDUST
- WENDYHOUSES
- FIREWOOD

Fynbos Wendy's
WENDY HOUSES & TOOLSHEDS
NUTEC BOARD OR PINE CLADDING
& VARIOUS UPGRADES TO CHOOSE FROM
FINANCE AVAILABLE
C:028 384 1587 | T: 072 858 2822
E: fynboswendy@outlook.com
Web: www.fynboswendy.co.za

## LOODGIETERS

Louw's Loodgieters
- Alle loodgieter Konstruksie en instandhoudingswerk
- Geyser probleme, Wasmasjiene/Skottelgoedwasser Installasies
- Gebarste pype of druppende krane, Verstopte riole
- Gemagtigde Kwikot, Franke, Duratherm & Heat Tech Geyser agent
- Solar (pv) sonkrag stelsels vir huise, plase ens.
- Op meeste versekeringsmaatskappye se paneel van loodgieters.

Sel. 082 922 1378 Tel/Faks: 028 435 7854
E-pos: tlouw@mweb.co.za
Hoofweg 81, Posbus 486 STRUISBAAI 7285

Suidpunt Loodgieters
VIR ALLE LOODGIETER WERK
Overberg Area
• maintenance • renovations • leak detection • drainage • construction • septic tanks
Cornelius Streicher
084 589 3218 / 084 569 2208
suidpuntloodgieters@gmail.com
Die herstel en installering van geysers
Alle versekerings werk is welkom
7 dae beskikbaar
GEREGISTREERDE EN GELISENSIEERDE LOODGIETERS (PIRB)

## MATWASDIENSTE

Stoomskoonmaak van matte, motors en meubels
SUIDPUNT MATWASDIENS
Bredasdorp
Caryn 079 652 4101 • Stephan 078 206 3660
shfeldmann@gmail.com
Facebook: Suidpunt Matwasdiens

## OUTDOORS

ADVANCED TREE FELLING
Struisbaai / Overberg
FULLY INSURED
Seb: 066 577 5705

Suidernuus aanvaar geen verantwoordelikheid vir meer as een foutiewe plasing nie. Krediet kan ook nie toegelaat word vir geringe foute wat nie die waarde of impak van die advertensie raak nie. Geen krediet vir foute in enige advertensie in Suidernuus, tensy binne 48 uur na publikasie gerapporteer.

## PLANT HIRE

OJ PLANT HIRE
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 570 0318
E-pos: sandmine@telkomsa.net
VERHURING VAN: DIGGERS, EXCAVATORS, VRAGMOTORS & KONSTRUKSIETOERUSTING. FILLING, SAND & KLIP, GRONDVERSKUIWING.

## PROKUREURS / ATTORNEYS

DIRK UYS
PROKUREURS | ATTORNEYS
LANDBOUREG | ERFREG
EIENDOMSREG | KONTRAKTEREG
OMGEWINGSREG | LITIGASIE
Tel: 028 425 1331
Sel: 073 614 9954
Langstraat 25, Bredasdorp
admin@uyslaw.com
https://uyslaw.com

## SCREENS / SKERMS

FLY AWAY SCREENS
ALUMINIUM MAGNETIC INSECT SCREENS
KEEPING OUT FLIES, MOSQUITOES, CRAWLING INSECTS AND EVEN CATS!
CONTACT HANS OR WOLLY FOR A FREE QUOTE.
028 423 3537 or 083 675 4110 or 082 454 9467
hans@yizani.com
www.flyawayscreens.mystrikingly.com

## SECURITY

MULTICOAT Security
Trellis Gates & Windows
Clear View Burglar Bars
Tel: 028 424 2925
C/O All Saints & Dirkie Uys Streets, Bredasdorp

## TANDARTSE / DENTISTS

DR GERALDINE HEIM
HEUNINGBERG GEBOU
LANGSTRAAT
BREDASDORP
028 424 1811

## TANDARTSE




Tandarts
Dr. Thereza Scholtz
Mondhigiënis
Elaine Stoman
Tel. 028424 2931 Faks: 028 424 2941
Kerkstraat 71• BREDASDORP
(OORKANT OK FURNITURE)

TANDARTS / DENTIST
Dr. WP Scott
&
Dr. WT Scott
028 424 1250
drscott.reception@gmail.com
Cnr. All Saints & Dirkie Uys Str., Bredasdorp
* Emergency number - 071 671 0957

TANDARTS / DENTIST
DR COENIE ZONDAGH
TEL: 028-4252451
Langstraat 50 * BREDASDORP
(By Dr Barto Saayman)

## TE HUUR / FOR RENT



HONEY SUCKER
(Sewerage)
Truck for Hire
AVAILABLE 24/7
PLEASE CONTACT
GLORIA
0833777437 or
gloriamc951@gmail.com

## VERVOER / TRANSPORT

OVERTRANS
VERVOER & LOGISTIEKE
Vir die vervoer van kalk, gips, graan en ander produkte.
Louis: 082 376 9006
Kantoor: 082 457 2839
Faks: 086 511 7073
e-pos: admin@overtrans.co.za




## VERWER / TEËLLÊER PAINTER / TILER

Boetie Jacobs
• MEESTER VERWER / MASTER PAINTER
• OPKNAP VAN HOUTWERK / RENOVATION OF DOORS & WINDOWS
• TEëLWERK / TILING
Tel: 082 545 8586
REFERENCE:
DR. JOHANN VAN DER MERWE - 028 423 3001

## WATERDIGTING

ELS WATERDIGTING
"Jou gat - my probleem"
Goodshedstraat 5
Industriële Gebied
Bredasdorp
Konstruksiewaterdigting, Reservoirs, Damme, Kanale, Verfwerk, Geregistreerde Asbeskontrakteur
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 593 3880
E-pos: freddels@telkomsa.net
Kontak: Freddie Els

ALCOHOLICS ANONYMOUS
NAPIER GROUP
082 332 8454

# *No legs / Nou worries*



Anton Franken

Goeidag lesers.

Ons almal ervaar nou die frustrasie en almal voel die effek van die COVID-19. Ek het ook simpatie met elkeen wat 'n onderneming bedryf en sake-ondernemings wat met uitdagings sit in hierdie tyd.

**Hoe hanteer jy as gestremde hierdie grendel tyd?**

Kom ek gee jou 'n kort oorsig uit eie ondervinding, en onthou weereens dat elke persoon dit anders ervaar.

Ek probeer om elke dag 'n aktiwiteit aan te pak, hoe gering ookal, want jy raak maar verveeld met jou roetines. Sommige mense is weer meer kreatief - hulle bak en brou, terwyl ander gebonde is aan 'n bed en konstante hulp nodig het om net op te kan staan.

Ons hanteer dit alma; anders. Jy voel soms moedeloos en dit het 'n effek op jou psige, maar jy probeer om "staande" te bly.

Daar is wel baie uitdagings waarvan min bewus is.

My raad is, moenie moed verloor nie hou vas aan jou geloof en probeer ander ondersteun. Elkeen het iets om te gee dalk jou tyd of net 'n boodskappie.

Mag almal gou weer moed skep en floreer. Never loose your joy!

Groete

# Lockdown resepte: Boere-sushi

**Vanaf bl. 7**

lagie botter aan die buitekant wil sit kan jy dit byvoorbeeld in gerasperde biltong rol. Dit is egter nie noodsaaklik nie.

**Opdiening**

Pak jou sushi skywe mooi uit op 'n bord. Jy kan op sommige skyfies 'n klein bietjie mayonnaise spuit.

Maak vir elke gas klein bakkies, met een of meer van die volgende souse:

1. Tamatie en uiesous (soos die wat jy oor jou mieliepap sou eet) of sommer gewone tamatiesous sal ook werk.
2. Balsamiese asyn. Dis veral heerlik saam met die brood sushi.
3. Chutney.

Gee vir elke gas 'n kleinbordjie, vooraf versier met 'n hopie mostert en 'n stelletjie Chinese eetstokkies.

Ou Matie, en dan geniet jy dit!

As jy graag na Suzelle se idees wil kyk, klik hier: https://www.youtube.com/watch?v=9clwfj61m0g

**Seegogga**

radio KANSEL·PULPIT

NAVRAE: **KOBUS NAGEL**
**(Bemarking)**

**Tel: (021) 906 2353**
**E-POS: kobusn@mweb.co.za**
**WEB: www.radiokansel.co.za**



**Anglican Church**
**Holy Eucharist at**
All Saints' Church: 09h30
Heilige Kommunie by Kerk van Heilige Gees: 07h30
028 424 1668

**Afrikaanse Protestantse Kerk**
Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe
2de en 4de Sondag van die maand om 10h00
Kontakpersone:
Jan Venter 028 388 0106
Annatjie Otto 028 381 99400

**AGS Bredasdorp**
Hoopstraat 50
Erediens: 09h30
Kinderkerk tydens diens
Walters Joubert
Sel. 082 897 6065

**Betanië Pinkster**
Akasiastraat 11
Sondagoggend: 10h00
Apostel Prins
076 208 3881

**Bet-el Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Sondagaand: 18h00
028 424 1922

**Bredasdorp Catholic Church**
All Saints, Anglican Church,
All Saints Street, Bredasdorp
Every Sundays: 11h30
Christmas Service 11h30 on Christmas Day
Contact Mark
028 424 2720 / 083 232 7138

**Bredasdorp Inter-Denominational Church**
ACVV Dienssentrum
Hopley Street
Sunday Morning: 09h00
Des Moore
076 191 4832

**BAH'A"I Sentrum**
Rekreasiestraat 2
Bredasdorp
Children's
Wednesday class: 15h30
Devotional Sundays: 10h00

**Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika**
Sondagoggend: 09h45
Sondagaand: 16h45
072 259 5246

**Elohim Apostolic Church Ministries of S.A.**
54 Brand Street
Sundays: 10h00
Apostel Freek Europa
073 451 0161

**Evangelies Gereformeerde Kerk**
Golfstraat 4, Bredasdorp
Sondagoggend: 10h00
Kinderbediening: 09h00
Sondagaand: 18h00
Leraar: Ds. Dillwyen Jones
076 571 8782 / 028 424 2847

**Every Nation Gemeente**
(Ou Apteek)
Dirkie Uysstraat 18
Bredasdorp
Sondagoggend: 09h30
Eben 082 598 9199

**Gereformeerde Kerk Agulhas**
Plantasiestraat, Bredasdorp
Erediens: 10h00
Nico du Plessis
083 572 4952
028 424 1993 (n/u)
028 435 6099

**Hervormde Kerk**
H/v Viljoen & Plantasiestraat
Bredasdorp
Sondagoggend: 08h00
028 514 1546

**Kingdom Revival Community Ministries**
Welverdiend Biblioteek
Ou Meulestraat
Sondagoggend: 10h00
Navrae: Past Minnie Jantjies
063 190 5361

**Koninkryk Bediening**
Rolbalsaal, Agulhas
Erediens Sondagaand: 18h00
Woensdagaand, Bybelstudie: 18h30, N.G. Kerksaal, Agulhas
Past Jetro kruger
082 678 6266

**Metropolitan Evangeliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagaand: 18h00
Eerw. H. Kastoor
028 424 1820 / 072 607 3423

**Morawiese Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Woensdagaand: 19h30
H. Linnert
028 424 2497

**Morningstar Youth Five Fold Ministries**
(Arniston)
Sondagoggend: 09h30
Tel: 028 445 9224

**NG Kerk Bredasdorp**
**Sondagoggend : 09h30**
Sondagaand: Sien Kerkprogram

**NG Kerk Napier**
Engelse Diens: 08h00
Erediens: 09h30
Tel. 028 423 3457
Ds. Frikkie Marais
Sel. 083 664 6861

**NG Kerk Suidpunt**
Agulhas 08h00
Struisbaai 09h30

**Nuwe Apostoliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagskool: 11h00-12h00
Woensdagaand: 19h30
BREDASDORP
Sean Andrews
072 039 9461
NAPIER
George Diedericks
082 595 1363
STRUISBAAI
Karel Witbooi
073 012 3181

**Sewende Dag Adventiste Kerk**
Sabbatskool: 09h15-10h45
Erediens: 11h00-12h00
Leraar: P. Neuhoff
082 539 5478
Kontakpersoon:
S. Uitlander
073 020 2739

**South Point Interdenominational Church**
NG Church Hall
Cooper Street
Agulhas: 18h00
Des Moore
076 191 4832

**Suidpunt Christen Gemeenskap**
Hoofweg, Struisbaai
Oggenddienste: 09h30
Leraar: E.A. Mentor
079 340 1785

**The Church of Christ Jesus**
Struisbaai North
Morning Service: 11h15
Peet Zeeman /
Mike Steventon
082 816 2789

**VG Kerk Bredasdorp**
Sondagoggend: 09h30
Sondagaand: 18h00
Tel. 028 424 1227

**VGK Kerk Struisbaai**
Struisbaai-Noord
Sondagoggend: 10h30
Ds. Willie Kleyn
028 435 6783

**Waenhuis Pinkster Arniston**
Steenbrasstraat 557
Sondae: 10h00
Pastoor P. Leonard
072 607 3423

# SOEKHOEK

**Tel: (028) 424 1205**
**Faks: (028) 425 1237**

| BESPREKINGS: | BOOKINGS: |
|---|---|
| Dinsdae 17h00 | Dinsdae 17h00 |
| **BETALING:** | **PAYMENTS:** |
| Dinsdag 17h00 | Dinsdag 17h00 |

**Tarief:** R1.90 per woord, met 'n minimum bedrag van R19.00 (BTW ing.)
**Sosiale Foto's:** R25

**Tariff:** R1.90 per word, with a minimum cost of R19.00 (VAT incl.)
**Social Photo's:** R25



**KWOTASIE OP "SMALLS" SLEGS PER TELEFONIESE NAVRAAG BESKIKBAAR**

## Te Huur / To Let

**TOESLUIT MOTORHUISE**
Vir bote en karavane
**082 389 9710**
**083 250 5066**
**Faks: 028 435 7983**
T/K

**Suidpunt Storage**
Brandstraat
Bredasdorp
**076 412 8422**
T/K

**JP's Storage**
**028 425 2545**
T/K

Kantoorruimte te huur.
Beskikbaar vanaf 1 Mei 2020.
**028 425 2545**
T/K

## Vermaak / Entertainment

**PAINTBALL BESPREKINGS**
**083 250 5066**
T/K

## Voertuie / Vehicles

**TREU MOTORS**
**Treustraat 4, Swellendam**
**082 345 0297**
**Clive Treu**
Soek voertuie om te koop. Onmiddellike eienaarsverandering. Toe Sondae.

**SUIDERNUUS 028 424 1205**

**THE VEHICLE TRADER**
Ek koop voertuie vir kontant.
**Jako - 082 745 4145**
T/K

## Wetenswaardig / Worth Knowing

**PAVING PLAVEISEL**
**Bou, Verf & Algemene Herstelwerk**
Jan Wiehman
082 695 9780
T/K

**THE HANDYMAN**
**Mike Munro**
**082 927 7014**

**SWEISWERKE**
Diefwerings, skuifhekke, veiligheidshekke, omheinings. Galvanizing. Herstelwerk, braaidromme
**Renier 072 550 3460**
17/04

**GARDEN CLEANUP**
**066 577 5705**
**info@rustix.co.za**
29/05

**BIRD PROOFING**
**066 577 5705**
**info@rustix.co.za**
29/05

**AACL**
**082 898 0787**

SUIDERNUUS SOUTHERN POST
AGTERBLAD • AGTERBLAD • AGTERBLAD

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Family Values, Values for The whole Family
Bredasdorp
Besigheidsure:
Maan tot Vry: 07h30 -18h00
Sat: 08h00 - 13h00
Son & Vakansiedae: 11h00 - 13h00
Tel: 028 425 1558
Noodnommer: 082 775 9521

# Leerders in streek kry nou twee maal per week voedsame maaltye by skole

**Kommer is reeds wyd uitgespreek oor die invloed van die "lock-down" inisiatief as gevolg waarvan skole gesluit is, op die voedingsprogramme wat daagliks gedurende skoolure in plek is. Dit is bekend dat hierdie maaltye vir baie kinders die enigste maaltyd en ook die enigste voedsame maaltyd is wat hulle op 'n dag ontvang. Op Napier het die skool voedingsprogram wat ook die vorm aanneem van sop en broodjies wat uitgegee word in houers deur die kinders saamgebring, reeds op 9 April afgeskop.**

Die skool – in hierdie geval Protea Primêr – beskik oor 'n goed toegeruste kombuis waar die voedsel voorberei word. Die projek wat op Dinsdae en Donderdae die leerders van maaltye voorsien, word deur die WKOD bedryf en het geen verbintenis met die sopkombuis wat ten bate van die hele dorp se inwoners vanaf die Naskoolsentrum bedryf word nie.

Daar is verneem dat skole in Bredasdorp ook op Donderdag, 16 April met hulle skoolvoedingsprogramme begin. Met hierdie inisiatiewe in plek sal leerders in die distrik ten minste verseker wees van een voedsame maaltyd per dag. Die volgende stap wat aandag moet geniet is nou natuurlik die hervatting en voortsetting van die opvoedkundige programme – indien nie virtueel nie dan ten minste met die hulp van plaaslike besighede wat hierdie dienste lewer in gedrukte formaat!

**Ora Laubscher**



**The canine children of residents of Cape Agulhas presently have to endure the LOCKDOWN with their owners – they have no choice. If you cannot take your canines for walks, then at least, afford them the pleasure of accompanying you when you go to buy those essentials at the local shop! These very fortunate and happy canine children were photographed at a local shop in Napier. Although they went straight back to their home, they at least enjoyed "the feeling" of being taken somewhere special by their owners.**



# Storietyd saam met: Tannie Aspatat

## Makkie vergeet toe mos mooitjies

Liewe kinders

Het julle al vir Makkie Madeliefie gesien? Sy woon in Madeliefies. In die middel van Madeliefies is daar mos sulke klein groen-geel skoorsteentjies. As julle dit fyn dophou, sal julle haar miskien eendag daar sien uitdop.

Sy dra altyd sulke lang blou rokkies met pragtige wit en geel strikkies, en die petjie op haar pikswart hare is ook geel. Almal hou van haar omdat sy so vriendelik is. Sy bak ook die heel lekkerste koekies in blommeland.

Wanneer daar 'n goggatjie bo-op die Madeliefie kom sit, stoot sy koekies in klein geel skinkbordjies by die skoorsteentjie uit. Elke bytjie of goggatjie neem dan 'n bordjie en begin eet. Saans, wanneer Vader Son na sy sonkasteel teruggaan om te gaan slaap, trek Makkies die fyn blaartjies oor die skoorsteentjie. Sy druk dan die puntjies bo teen mekaar vas, soen hulle en sing saggies: *"Slapies soet, Slapies soet, kleine blaartjies lief."*

Net een aand het Makkie vergeet om die blaartjies toe te trek. Dit het so gebeur: Makkie het die hele dag baie hard gewerk. Teen die aand was sy so moeg dat sy sommer aan die slaap geraak het. Die volgende oggend maak twee besies haar verskrik wakker en sê: *"O, Makkie, kom kyk die blaartjies."* Toe sy buite kom, sien sy dat die pragtige wit blaartjies lelik omgekrul is en stokstyf staan van die koue. *"Wat nou?"* vra sy en haar ogies is vol traantjies. Gelukkig kom Soepie, 'n klein sonstraaltjie, net daar aan. *"Toe maar Makkie"*, troos hy, *"as jy vir my 100 koekies bak, sal ek die blaartjies met my wonderolie gesond maak"*.

Ai, Makkie het hard gewerk om die koekies gebak te kry en teen die aand se kant was die blaartjies weer pragtig. Soepie is met sy sakkie koekies tevrede terug na die sonkasteel, ver agter die blou berg. Daarna het Makkie nog nóóit weer vergeet om saans die Madeliefies toe te vou nie. Gaan kyk maar gerus vannaand na die Madeliefies! Hou julle oortjies teen die blommetjies en luister goed! Dan sal julle vir Makkie hoor sing: *"Slapies soet, Slapies soet, Kleine blaartjies lief."*

Ek gaan hierdie week vir julle 'n raaisel vra en kom ons kyk wie gaan die antwoord ken. Raai, raai: Ek is in koring, maar nie in meel. Ek is in suiker, maar nie op 'n seël. Ek is in die koervert, maar nie in die brief. Ek ry in 'n kar, maar nie op 'n wa.

Maatjies julle moet kyk, elke week verskyn daar 'n storietjie hier in Suidernuus. Vra vir mamma of pappa om op Suidernuus se FACEBOOK blad in te gaan en dit vir julle te wys en te lees.

Onthou julle kan vir my skryf en van julself vertel. Stuur vir my mooi foto's van wat julle alles by die huis doen of teken sommer net mooi prentjies.

***Tannie Aspatat***

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | | | | | | 5 |
| | | 2 | 5 | | 3 | 8 | | |
| | 8 | | 1 | | 6 | | 3 | |
| | 4 | 6 | 8 | | 1 | 9 | 2 | |
| | | | | | | | | |
| | 2 | 5 | 9 | | 7 | 1 | 6 | |
| | 6 | | 4 | | 9 | | 7 | |
| | | 3 | 7 | | 5 | 2 | | |
| 2 | | | | | | | | 6 |

*From: The Soduko Challenge, published in 2005 by Bounty Books.*

**Volg Suidernuus op FACEBOOK**
**Follow Suidernuus on FACEBOOK**

